


Verdien **PONDE** en **DOLLARS** met skaapskeer

➔ deur Izak Klopper



Die NWKV is opgewonde oor die toekoms van jong skeerders en wolklassers in Suid-Afrika, aangesien hierdie beroepetalle werkseleenthede skep. Met nagenoeg 15 miljoen skape wat jaarliks in Suid-Afrika geskeer moet word, bly dit die bedryf se verantwoordelikheid om te verseker dat daar genoeg opgeleide skeerders in die land is.

Die opleiding is egter nie klaar op die dag wat 'n skeerder sy eerste sertifikaat verwerf het nie. Dit is 'n voortdurende proses. Daarom is opknappingskursusse en gevorderde opleiding nêr so belangrik as die eerste kursus.

NWKV bied skeeropleiding

Die NWKV bied skeerkursusse aan wat wissel van beginnerskursusse tot gevorderde kursusse. 'n Beginnerskursus duur tussen sewe en 10 dae en elke leerling kry die geleentheid om ongeveer 120 skape te skeer. Die leerlinge word geleer om skeertoerusting, asook die korrekte slyptegnieke, in stand te hou.

By voltooiing van die kursus word die leerlinge geëvalueer. Indien 'n leerling ten minste twee skape in 'n halfuur kan skeer en voldoen aan die gehalttestandaard van die NWKV-skeeropleiding, ontvang hy of sy 'n bevoegdheidsertifikaat. Nou kan die leerling ±32 skape in 'n agtuurdag skeer. Die jong skeerder het baie praktiese skeeroefening nodig om sy vaardigheid te slyp.

Skeer is 'n praktiese vaardigheid wat net deur toewyding en doelgerigte, aanhoudende, harde werk bemeester kan word.

Skeerders wat praktiese ondervinding opdoen, kan later weer indiensopleiding by die NWKV-skeeropleiding ontvang. So 'n gevorderde kursus duur gewoonlik vier dae. Die NWKV-skeerinstrukteur herevalueer die skeerder ná voltooiing van die kursus. Afhangelend van sy vaardigheidsvlakke kan 'n brons en/of silwer seël aan die skeerder toegeken word en op sy skeersertifikaat aangebring word.

CERTIFICATE OF COMPETENCE OF SHEARER No: 0276

(I.D. NO. 9400828201)
 NAME: J. K. KOBIZINGA
 NATIONALITY: SA CITIZEN
 THIS CERTIFICATE IS ISSUED AFTER SUCCESSFUL COMPLETION OF A BASIC SHEARER TRAINING COURSE ON: MERINO
 COURSE DATE: 11. 08. 16 to 16. 08. 16

ASSASSOR: T.A. KIBIZA
 DATE: 16. 08. 16
 PLACE: Bhebe's Shearshed


BRONZE: Can shear a minimum of 8 sheep with blades of 10 sheep with machines in an hour to the quality standard required, and that the basic knowledge of sharpening and maintaining shearing equipment.

SILVER: Can shear a minimum of 10 sheep with blades or 18 sheep with machines in an hour to the quality standard required, and that a full knowledge of sharpening and maintaining shearing equipment. After attending one of three instructors courses a Silver award shearer may qualify as an assistant instructor.

GOLD: After acting as an assistant instructor at courses and conducting a course under the supervision of a senior instructor, the shearer may be awarded the Gold stamp if he is judged to have mastered the art of training shearers.

UNIT STANDARD ID: 119273 UNIT STANDARD ID: 119277
 21. 08. 2016
 DATE OF ISSUE

GENERAL MANAGER: [Signature]
 PROVIDER ACCREDITATION NUMBER: 4822



Werksgeleenthede in Suid-Afrika

Daar is geleentheid vir beginnerskeerders en wolwerkers, wat oor 'n bevoegdheidsertifikaat beskik, om tydens skoolvakansies by skeer-kontrakteurs reg deur Suid-Afrika te werk. In Suid-Afrika kan so 'n leerling tussen R4 en R7 per skaap betaal word. Afhangend van die individu se dryfkrag en toewyding sal die daaglikse totaal wat hy skeer elke dag verbeter. Daar is verskeie voorbeelde van jong manne wat binne die bestek van twee tot drie maande reeds 100 skape per dag skeer.

'n Voorbeeld hiervan is Rudolph Janse van Rensburg, 'n leerling van Hoërskool Hendrik Potgieter op Reddersburg, wat vanjaar matriek skryf, maar wat reeds verlede Desember sy eerste 100 skape per dag geskeer het. Hy gaan ná matriek by DG Snyman Skeerdiens in Philippolis aansluit en het reeds die inkomstepotensiaal van R14 000 per maand indien hy 20 dae per maand werk.

Om in Australië, Nieu-Seeland of in enige ander land oorsee werk as skeerder te kry, moet 'n skeerder ten minste 200 skape in 'n agtuur-dag kan skeer. Dit verg toewyding en deurstellingsvermoë om hierdie mylpaal te behaal. Weer eens bepaal elke individu self sy voor-dering. Sommige mense skeer reeds binne ses tot sewe maande hul eerste 200 skape per dag.

Harde werk

Skeer is harde werk wat hoë eise aan beide die liggaam en die psige stel. Dit is waarskynlik die mees fisieke werk op aarde.

Studies wat deur die Universiteit van Wes-Australië oor Dwayne Black gedoen is, wat 'n negeuur-skeerreord op 4 April 2005 opgestel het, ondersteun hierdie stelling. Tydens die eerste twee ure van die rekordpoging het Black 112 skape geskeer. Sy hartklop het verhoog tot gemiddeld 158 slae per minuut. Dit dui op 84% van sy beraamde maksimum hartkapasiteit.

Black het nog vier skofte geskeer om die nege ure te voltooi. Op daardie dag het Black, ten spyte daarvan dat hy 12 liter vloeistof ingeneem het, 4 kg aan gewig verloor. Dit dui op 'n vloeistofverlies van 16 liter, of dan ±1,8 liter per uur. Dit is drie keer meer as dié van ultramarathonatlete wat van die min sportmanne is wat vir dieselfde tydsduur hulle liggame onder stremming plaas en selde meer as 0,5 liter vloeistof per uur verloor (McArdle *et al.*, 1996).

Produktiwiteit is die wagwoord

Skeerders word per skaap betaal. 'n Skeerder wat 100 skape per dag skeer wat 50 kg weeg, hanteer dus 5 000 kg spartelende skaapvleis op daardie besondere dag. As die vangkraal 10 m van die skeerpunt af is, beteken dit hy skuif

Rudolph Janse van Rensburg ontvang 'n medalje van Hendrik Botha terwyl Francois de Wet van Evolac toekyk.



dié skape 2 km ver. En dan het hy hulle nog nie geskeer nie. Beter beplanning van skeerfasiliteite kan skeerders help om hul energie meer ekonomies aan te wend. Dit sal hulle doeltreffendheid en ook daaglikse inkomste verhoog.

Die beste aantal skape geskeer per dag word verkry as die skeerdag soos volg ingedeel word:

07:30 – 09:30	Eerste skeerskof
09:30 – 10:00	Teetyd
10:00 – 12:00	Tweede skeerskof
12:00 – 13:00	Middagete
13:00 – 15:00	Derde skeerskof
15:00 – 15:30	Koffietyd
15:30 – 17:30	Vierde skeerskof



Hierdie stelsel vergemaklik die wolproduisent se beplanning met die naderbring van verskillende skaaptroppe. Hy weet ná die eerste skof van twee ure wat die skeerspan se potensiaal per uur is en kan daarvolgens beplan. Dit voorkom dat die skeerders vir skape moet wag, wat ook tot die span se verhoogde produktiwiteit bydra. Die skeerder is in staat om doelwitte vir homself te stel wat produktiwiteit bevorder.

Werkseleenthede in die buiteland

In die buiteland werk die skeerders ook 'n agtuurdag. Die jongmanne wat in Suid-Afrika vir 'n jaar of twee skeer, raak skeerfiks en is gewoon daaraan om vir agt ure produktief te werk. Wanneer hulle in Nieu-Seeland die Britse vleisrasse skeer, kan hulle die pas volhou en


skeer dikwels binne die eerste maand of twee 300+ skape per dag.

Nieu-Seeland kan as die kern van skaapskeerderie wêreldwyd gesien word. Baie skeerders en wolwerkers van ander lande gaan werk seisoenaal in Nieu-Seeland. Hier kry Suid-Afrikaanse kinders die geleentheid om saam met mense van ander kulture te werk. Hegte vriendskappe word gesmee, en die jong Suid-Afrikaners word ook uitgenooi om 'n seisoen in ander lande te gaan werk. As jy 'n aangename geardeheid en goeie werksetiek het, bestaan die potensiaal om binne die bestek van drie jaar 'n skeerprogram rondom die wêreld te vestig.

'n Voorbeeld hiervan is Kenneth Norman, 'n jong seun van Bolo naby Stutterheim in die Oos-Kaap, wat middel-Februarie in Colorado (Amerika) begin skeer het. Teen middel Mei, toe die seisoen daar aan die afplat was, het hy Engeland toe geskuif, daar oor Junie en Julie geskeer, en vandaar Australië toe vertrek waar hy van Augustus tot November geskeer het. Daarvandaan is hy na Nieu-Seeland, waar hy in Desember en Januarie geskeer het.

Só het hy binne vyf jaar genoeg dollars, ponde, Australiese en Nieu-Seelandse dollars bymekaar gemaak om vir hom 'n plasie in die Noord-Eiland van Nieu-Seeland te koop.

Met die huidige wisselkoers kan 'n jong man binne die eerste agt tot 10 jaar ná skool genoeg verdien om 'n neseier van ±R5 miljoen bymekaar te maak. Dit plaas hom in 'n posisie om sy eie toekoms te beplan.

Daar is heelwat jong manne met murg in hulle pype wat deesdae hierdie droom leef! 

Izak Klopper is Bestuurder: Skeeropleiding by die NWKV in Bloemfontein. Vir meer inligting oor die NWKV se skeeropleiding, stuur 'n e-pos na ijklopper@telkomsa.net.